# Aanbidding in gees en Waarheid

Ons God is aanbiddingswaardig! Die Vader van ons Here Jesus Christus is heilig, almagtig, alwetend, alomteenwoordig, soewerein in beheer van die ganse heelal. Hy is ook genadig en barmhartig, getrou en geduldig. Hy het self die hoogste prys betaal deur Sy Seun te offer om my te red van die ewige verdoemenis wat ek verdien het. As ek inderdaad in Christus is, kan ek uitsien na 'n ewigheid in Sy volmaakte teenwoordigheid. Sal ek Hom dan nie verheerlik met alles wat in my is nie? Eerstens vir wie Hy is, en daarna vir wat Hy vir my gedoen het.

Hoe sal ons Hom dan aanbid? Net soos ons lekker kry, op enige manier waartoe elkeen se geaardheid hom stuur? Sal ons enige vorm van aanbidding in ons eredienste akkomodeer net om daarmee mense te trek? Of sal ons vra hoe wil Hy hê dat ons Hom sal aanbid?

Uit die tweede gebod is dit duidelik dat die hoé van ons aanbidding nie maar aan ons willekeur oorgelaat is nie. In die Ou Testament is daar talle voorbeelde van gevalle waar God fel opgetree het teen willekeurige aanbidding. Dink maar aan Datan en Abiram wat uitgewis is omdat hulle vreemde vuur voor die Here gebring het, of dink aan Ussa wat oombliklik gesterf het omdat hy, seker met goeie bedoelings, sy hand uitgesteek het om te keer dat die ark van sy nuwe wa afval. Dit het gebeur toe Dawid die ark vervoer het soos wat hy goed gedink het in plaas van om na God se voorskrifte te vra.

In die Ou Testament is daar tallose voorskrifte waaraan aanbidding moes voldoen. Daar was die tabernakel met beperkte toegang, net die priesters in die heilige, net die hoëpriester een maal 'n jaar, met bloed, in die allerheiligste; spesifieke voorskrifte vir offers, 'n noukeurige resep vir wierook offers. Dink aan die sentrale plek van die ark wat God se teenwoordigheid onder die volk gesimboliseer het, die oorheersende rol van die die tempel en Jerusalem in Israel se aanbidding.

Galasiërs en Hebreërs verduidelik hoe die seremoniële wette soos 'n kinderoppasser was wat die onvolwasse gelowiges gelei het in hulle aanbidding. Die Nuwe Testament bring 'n radikale verandering. Reeds in Jeremia 3 sê die Here dat daar 'n tyd sal kom wanneer niemand meer na die ark van die verbond sal vra nie. Die klem in God se verhouding met sy volk sal van die uiterlike na die innerlike skuif, dit sal gekenmerk word daaraan dat hulle Hom 'Vader' sal noem. Aan die kruis doen Christus met Sy eie bloed versoening vir die gelowiges en die voorhangsel wat die volk uit die allerheiligste gehou het, word uit die hemel uit oopgeskeur. Die Heilige Gees word uitgestort, Hy werk dit in ons harte om te roep "Abba, Vader". Ons het nie meer allerlei seremonies en tussengangers wat ons aanbidding van God tot in die fynste besonderhede voorskryf en beperk nie. Soos 'n kind tot sy pa kan ons met vrymoedigheid tot God nader! Beteken dit dat ons nou maar elkeen volgens eie voorkeur kan gaan?

Wanneer Christus in Johannes 4 die Samaritaanse vrou oor haar sonde konfronteer, spring sy vinnig na 'n vraag oor aanbidding: Moet ons in die tempel in Jerusalem aanbid, of op Geresim, waar die Samaritane aanbid het? Jesus sê direk dat dit irrelevant is waar ons aanbid. Hy sê, daar kom 'n tyd, en dit is nou – die nuwe bedeling breek met sy koms aan. Die Vader wil voortaan mense hê wat Hom **in gees en waarheid** aanbid.

Aanbidding in waarheid verreken ál die waarheid wat oor die drie-enige God in die Skrif openbaar word. Die Woordverkondiging, gebede en sang moet tot oorlopens gevul wees met die diep waarhede van God se Woord. God se ganse openbaring, veral sy nuwe Testamentiese openbaring in die menswording, kruisiging, opstanding, hemelvaart, uitstorting van die Heilige Gees en wederkomsverwagting moet ons aanbidding vul en rig. Ons kan nie tevrede wees om net Ou Testamentiese liedere te sing nie. God se openbaring in die Ou Testament het oopgeblom in die Nuwe Testament en moet telkens tot 'n nuwe loflied lei.

God het behae in aanbidding in gees, aanbiding wat uit ons binneste kom. Dit gaan nie oor uiterlike rituele en voorskrifte nie, dit gaan oor die innerlike, die hart. God is Gees en ons moet Hom nie probeer vasvang in rituele en simbole wat maklik die plek kan inneem van 'n diep geestelike gesprek met die lewende God nie. Dit spreek van self dat slegs mense in wie die Heilige Gees werk God so kan aanbid. Elke mens wat deur die Heilige Gees wederbaar is, sal hom of haar dan ook jubelend verlustig in die voorreg om as kind vrymoedig voor God se genadetroon te kom. Dit is 'n genadetroon, maar steeds 'n troon waartoe ons nader - dus nader ons vrymoedig, nie vrypostig nie.

Die belangrikste manier waarop ons God verheerlik is deur Hom daagliks te gehoorsaam. In Amos 5: 21-24 maak die Here dit duidelik dat Hy 'n afsku het aan entoesiastiese lofprysing wat weerspreek word deur 'n onheilige lewensstyl. Die Here Jesus self sê, as jy My liefhet, **sal** jy my gebooie gehoorsaam.

Wat sê die eis van aanbidding in gees en waarheid nou vir die inkleding van ons eredienste? Verkondiging van die volle waarheid van God se Woord sal altyd sentraal wees. Blote uiterlike konformering met die eise van die Woord, streng volgens die voorskrifte van 'n kerkorde maar sonder intense belewing en verlustiging in die verheerliking van ons Here is egter vir God afstootlik. Andersins kan ons ook nie tevrede wees met oppervlakkige lekker-sing liedjies wat 'n paar frases herhaal en eerder mensgesentreerd is as om God denkend, uit ons harte uit, te eer en te dank vir Sy onmeetlike genade aan ons nie. Kolosense 3:16 sê ons sing van psalms, lofsange en geestelike liedere moet sodanig wees dat ons mekaar daardeur in wysheid onderrig en vermaan. Inhoudlose aktiwiteite wat mense bevredig en opsweep, skreeu teen die eis van aanbidding in waarheid, dooie ortodoksie teen die eis van aanbidding in gees.

Deur die werk van die Heilige Gees ín ons en op grond van die verlossingswerk van die Seun vír ons, kan en mag ons die Vader met ons hele wese aanbid volgens die volle geopenbaarde waarheid van sy Woord. Heerlike voorreg!